

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

ds. PJ Kriel Openbare belydenis Anton O'Reilly Kimberley gemeente 22.09.2019

Inhoud Hierdie preek ter geleentheid van Anton O'Reilly se openbare belydenis in die NG Gemeente Kimberley wys dat ons getuig deur wat ons oor Christus sê en hoe ons lewe wys dat ons in sy liefde leef. Ons bely dat Hy ons met Hom verenig sodat Hy ons sonde was en ons sy heiligheid en regverdigheid as mens is. Só is ons en ons liefde vir God reggemaak. God se liefde vir ons wys in die goeie werke waarin ons sommer net gehoorsaam is aan sy wet, sonder enige verwagting van straf of beloning, met die regte wet wil by sukkel en wil luister na ons oortredings en eise van die wet sonder dat ons skuldig of sleg is daaroor. In afgodsdienste word hierdie getuienis só verwring dat mense oor hul spesiale liefde vir God praat, nie meer oor sy liefde vir hulle nie en hulle God se goddelike mag wil uitbeeld en nie meer hul menslike goeie werke volgens God se wet wil wys nie.

Skriflesing Matteus 5: 13 – 16; Rom. 10:5 – 10; 2 Kor. 11: 16 – 30

Teks Romeine 10: 10 Met die hart glo ons en word so geregverdig, en met die mond bely ons en ons word gered.”

Tema Christus se verlossingsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

1. Ons het vanoggend die voorreg dat Anton O'Reilly openbare belydenis van geloof in u erediens as gemeente aflê. Hy het onder die toesig van die NG Gemeente Levubu gekatkiseer en is deur hulle tot die openbare belydenis van sy geloof toegelaat. U kerkraad het toestemming verleen dat hy dit hier vanoggend in u erediens mag aflê.

Anton se openbare belydenis is 'n getuienis van die liefde van Jesus Christus, ook vir hom. 'n Getuienis wat Anton sê en wys!

Hy getuig oor die Here Jesus Christus se liefde vir hom, deur sy openbare geloofsbelydenis wat hy sê vandag, en deur te bely tot watter lewenswyse die Here se liefde hom verbind het, wat in Anton se lewe sal wys.

Daarom is dit wat hy sê en wys nie 'n openbare demonstrasie, 'n openbare vertoon van sy eie geestelike mag nie. Hy gaan nie vanoggend vir u vertel van alles wat Hy vir die Here gedoen het nie en Hy gaan ook nie van God 'n openbare uitbeelding maak nie.

2. Paulus verkondig wat openbare belydenis van geloof is in Romeine 10: 10 met die woorde: “Want met die hart glo ons en met die mond bely ons.” Die openbare belydenis van geloof is om met jou mond te sê wat jy in jou hart glo. Ons glo met ons hart dat Jesus Christus uit die dood uit opgestaan het en die Here is, en daarom verklaar ons dit ook met ons mond, in woorde wat uit ons hart uit kom.

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

Wat ons in ons harte glo en met woorde uit ons harte oor Jesus Christus bely, is altyd 'n getuigenis van sy liefde vir ons. Ons glo nie in leerstellings of menslike ervarings nie. Ons glo in die Here en sy liefde vir ons.

Paulus verkondig in die Romeine 1 tot 8 die wyse waarop Jesus Christus ons deel maak van sy liefde as Here en God, en verklaar dan as hoogtepunt en slotsom van alles wat die Here vir ons doen om in sy liefde te deel: Niks in hierdie skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here. Rom. 8: 39

3. Hoekom geen magte of kragte buite ons van God se liefde kan skei nie, is omdat Christus se werke deur sy lyding, kruisiging, dood en opstanding as mens uit die dood uit, maak dat geen sonde wat ons doen, in woord, gedagte en daad ons van God se liefde vir ons kan skei nie.

Dit is die krag van die Here se verlossing: ons eie sondes kan ons nie vir God meer onregverdige en onheilige mense laat wees nie. Hy maak ons wat sondes doen en tot sonde geneig is, regverdiges en heiliges vir God!

Dit is hoe Paulus die evangelie aankondig in Romeine 1 verse 16 en 17! Christus maak sondaars regverdiges. Regverdiges beteken mense wie deel is van God se regte liefde en wie se liefde vir God reg is. God maak ons reg vir sy liefde en maak dat ons liefde vir Hom reg is.

Dit is die magsdaad van Jesus Christus waardeur hy ons verlos van die ellende om nooit regtig vir God se liefde reg te wees nie en God nooit regtig reg te kan lief hê nie.

4. Hoe doen die Here dit? Maak sondaars regtig reg vir God se liefde en hul liefde vir God reg?

Paulus het dit in Romeine 6 verduidelik! Deur die heerlike magsdaad van God dat Hy as God ons ingesluit het en laat deel in die wyse waarop Jesus Christus gesterf het, begrawe was, uit die dood uit opgestaan het en vandag as mens van vleis en bloed sy lewe vir God leef.

Hierdie magsdaad om ons in Christus se mens wees in te sluit en te laat deel vat, Paulus in Filippense 3 saam met die uitdrukking: Syne is myne en myne is Syne. Christus is so met my verenig dat al my sondes, is sy sondes, want die deler is so goed soos die steler! Daarom was Hy vir my die onregverdige en onheilige mens wat deur God veroordeel en gestraf is vir my onregverdigheid en onheiligheid.

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

Ons is egter nie net verenig met Christus in sy sterwe nie. Ons is ook verenig met Hom wat vandag as regverdige en heilige mens vir God leef volgens Rom. 6: 10. Daarom deel ons en is ons werklik saam met Hom vir God regverdig en heilig. Dit beteken God laat ons en ons liefde, ten spyte van ons sonde, vir Hom reg en volmaak wees.

5. Wie se liefde is vir God reg en volkome?

Paulus verklaar in Romeine 10 – nie hulle wat in die hel in afgedaal het om daar die oordeel, die vloek en straf van God as sondaars te ervaar en in hierdie helse ervaring van verlorenheid, verlossing gevind het nie. Ook nie hulle wat in die hemel opgestyg het om daar 'n hemelse ervaring met God te kry nie.

Hulle wat ingedoop is in Christus en glo dat Syne is myne en myne is Syne – hulle en hulle liefde is vir God reg en volkome!

Dit is wat Anton vanoggend hier met sy mond bely: hy het nie een of ander helse of hemelse ervaring gehad waarin hy God se liefde gevind het nie. Hy glo in sy hart en bely met sy mond dat die Here hom ingesluit het en laat deel in alles wat die Here vir Hom in sy plek as sondaar gedoen het en is. Hy moes nie met helse en hemelse ervarings God naby bring nie. Die Here wie met hom in sy nabye liefde is, het hom in ingesluit in die hel wat Christus deurgegaan het en in die hemel waar Christus nou is. Daarvoor vertrou Anton die Here in sy hart en net nou gaan hy dit met sy mond sê!

6. Dit moet mos wys!

Liefde waarby jy ingesluit is en waarin jy deel, wys mos in jou lewe! Dit is wat die Here aankondig in die woorde: “Net so moet julle julle lig voor die mense laat skyn sodat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.” Mat. 5: 16

Goeie werke wat wys jy is ingesluit en is deel van die liefde van God! Ons mag hierdie woorde van die Here nooit só verstaan dat jou goeie werke jou uitsonderlike liefde vir God wys nie. Dan moes die Here mos gesê het: Laat julle lig só skyn dat mense julle goeie werke kan sien en julle verheerlik vir julle spesiale liefde vir God!” Die Here egter stel dat jou goeie werke moet wys hoe lief God jou het!

Die Here noem hierdie tipe goeie werke wat wys jy is ingesluit en deel in die Here se liefde, geregtigheid wat aansienlik meer is as die goeie werke van die skrifgeleerdes en Fariseërs. Dit is goeie werke wat heeltemal iets anders wys as Joodse goeie werke.

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

7. Hierdie tipe goeie werke openbaar die Here in die bergrede in Matteus 5 tot 7 en gee vir ons die woorde wat hierdie tipe goeie werke wys, opsom in Matteus 16: 24 – om jouself te verloën, jou kruis op te neem en om Jesus te volg.

Navolging! Om Jesus te volg beteken om jou aan die werklike bedoeling van God se wet te verbind omdat jy weet jy en jou liefde is vir God reg, met al die sondigheid van jou liefde. Omdat God jou vir hom reg laat wees, luister jy na sy wet, sonder die verwagting van enige beloning, tydelik of ewig en sonder die vrees van enige straf, tydelik of ewig.

Gehoorsaamheid sonder enige verwagting van beloning of straf. Gehoorsaamheid nie om die ewige lewe te kry, nie om die land reg te kry nie, nie om geweld en onderdrukking af te weer nie, nie om droogtes te stop nie. Gehoorsaamheid sommer net! Sommer net omdat God God is! En dit wys – hierdie sommer net gehoorsaam sonder rede! Navolging wat gehoorsaamheid aan die regte wet van God is, sommer net omdat God God is! Want God wat God is, laat my as sondaar deel in sy liefde!

Dit is goeie werke van God verheerlik wat sy kinders nie gehoorsaam laat wees deur straf of geloning nie, maar omdat hy hulle lief het.

Kruisdra! Volgens die Bergrede beteken dit om aan te hou wil sukkel met die regte bedoeling van God se wet, al kry jy dit nooit heeltemal nie en meeste kere baie min reg! Besig met die wet wat wys, kyk en begeer is egbreuk, en kwaad wees, is karaktermoord! Dit is soos die verskil met wat die kinders in skole noem regte wiskunde en wieletjie-wiskunde! Ons wil nie goed doen met geestelike wieletjie wette nie, ons wil sukkel met God se regte wette. Dit is die kruis, die swaarkry waarmee ek wil lewe!

Hoekom? Wat wys in hierdie gesukkel met 'n wet wat jy nooit regtig regkry nie? In hierdie gesukkel wys dat ek glo dat Hy met sy kruis die oordeel, die vloek, die haat, die straf en verwerping van God vir my sonde gedra het, sodat ek nou met die regte wet sukkel in die liefde, genade, barmhartigheid en goedheid van God! Dit is 'n gesukkel wat wys en wat God as Vader verheerlik. Sy liefde maak dat ek met sy regte liefdesewe wil sukkel.

Selfverloëning! Dit is om verbind te wees tot die regte eise van die wet, sonder om ooit te aanvaar dat die wet jou wys jy is skuldig, sleg, onregverdig en onheilig vir God! Deur te ontken wie die wet jou wys jy vir God is, en te glo wie Christus jou vir God maak, sy geliefde, goeie, onskuldige, regverdig en heilige kind, verloën jy jouself so dat jy altyd gebind bly aan die regte bedoeling van God se wet. En dit wys! Dat iemand wat só baie sonde soos jy doen, en steeds glo jou liefde is reg en heilig vir God, steeds glo jy is met goeie werke vir God besig – wys! Wys hoe goed jou God vir jou is, om jou werke vir Hom goeie werke te laat wees!

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

8. Hoekom sukkel ons só met hierdie getuienis: ons goeie werke moet wys hoe heerlik ons God is?

Wie van u voel vanoggend, ek het die hele week God verheerlik met my goeie werke, elke ding waarmee ek besig was, was 'n goeie werk vir God?

Wie van u glo dan vanoggend Anton se geloofsbelydenis dat hy glo sy hele lewe sal verheerlik God met die goeie werke waarmee hy besig is?

Ons sukkel só om te glo dat ons met goeie werke besig is, omdat ons in ons eie kerklike geledere al deel geword het van hierdie Joodse godsdiens: ons werke moet wys hoe volkome, uitsonderlik en spesiaal ons liefde vir God is! Ons eie swak selfbeeld oor ons eie goeie werke is oordadig anders mense ons wil wys hoe spesiaal en uitsonderlik hulle liefde vir God is. Met hierdie swak selfbeeld oor ons eie getuienis, praat ons al van "hulle wat toegewyde en ernstige Christene" is en ons wat maar net "gewone Christene" sou wees.

Goeie werke wat getuienis is, wys nie hoe spesiaal jou liefde vir God is nie. Goeie werke wat getuienis is, is werke wat ons doen wat getuig oor hoe goed ons Vader is en hoe ons Hom vir sy liefde vir ons verheerlik!

En dit is goeie werke wat navolging van Christus is: goeie waarin ons sonder enige verwagting van enige beloning of straf sommer net na God se regte wet luister, sommer net omdat Hy ons Vader is wat sê wat ons moet doen. Dit is goeie werke wat kruisdra is: ek gaan aanhou sukkel met wette wat ek nooit regkry nie, want Hy het my sondekruis gedra. Dit is goeie werke wat selfverloëning is: ek gaan aanhou met gehoorsaamheid aan God se regte wet, sonder om ooit te aanvaar ek is skuldig, sleg, verkeerd en onheilig omdat ek dit bly oortree.

Anton se lewe wys dit! Hierdie tipe goeie werke wat sy Vader verheerlik net soos elke gelowige se lewe hierdie tipe goeie werke wys – God maak ons en ons liefde vir Hom, met al ons sondes, reg en goed.

Anton is deur die kerk geleer om op hierdie wyse vir God sy Vader 'n getuie te wees, met 'n geregtigheid wat veel meer en anders is as die geregtigheid van al die geestelikhede van hierdie godlose wêreld. Geregtigheid wat mense se eie liefdes wys en nie God die Vader se liefder vir hulle wys nie.

Daarom mag hy dit vanoggend hier openlik bely.

9. 'n Gedeelte van die Bybel wat regtig net 'n klomp nonsens is, nie omdat die nuwe slim teoloë of nuwe wetenskaplike skryfkeners sê die Bybel is 'n klomp nonsens nie, maar omdat Paulus self sê hierdie gedeelte van die Bybel is sommer net 'n klomp

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

nonsens! Dit is hoe Paulus sy openbare demonstrasie van sy werk vir Jesus in 2 Korinthiërs 11: 21 tot 12: 11 beskryf.

U mag u nie misgis met wat Paulus stel en vertel in hierdie gedeelte nie!

Paulus stel helder duidelik dat die volgende vertelling oor wat hy vir Jesus gedoen het, van 11: 21 tot hoofstuk 12:11 kom nie van die Here nie. Hoekom sy vertelling nie van die Here kom nie, is dat alles wat hy nou gaan vertel volgens Paulus self dwaasheid is. Dwaasheid volgens God se Woord is afgodsdienst. Hy gaan in hierdie gedeelte ook afgodsdienst preek soos die valse predikante uit Jerusalem afgodsdienst preek. (11: 12,13)

Dan wys hy wat hy gaan doen wat nie godsdienst, maar afgodsdienst is nie: in plaas daarvan om 'n getuigenis oor Jesus Christus te lewer, gaan hy roem oor sy geestelikheid, op so 'n wyse dat hy die ongeloof gaan uitwys dat hy kamstig gronde het om te roem.

Om enige misverstand te voorkom oor nonsens praat en die Woord van God te verkondig wys Paulus presies waar begin hy nonsens praat met die woorde “Nou praat ek soos 'n dwaas: enige iets waarop iemand aanspraak maak om te roem, daarop kan ek ook roem.” (11: 21) Hy wys ook waar hy ophou nonsens praat in hoofstuk 12: 11: “Ek het nou soos 'n dwaas opgetree. Julle het my daartoe verplig.”

10. Watter nonsens praat hy?

Hy vertel eers van alles wat Hy as Jood vir God gedoen het en toe as apostel vir Jesus gedoen het as prediker, van al sy swaarkry, ontbering, lyding, besorgdhede en volharding in sy werk. Ook van sy visioene en visies. Dit is wat hy beskryf as godsdienstige nonsens om hieroor te praat asof dit 'n getuigenis oor Christus is.

Hierdie vertelling van sy eie geestelike lewe en ervarings is geen getuigenis nie. Dit is soos die Joodse predikers dit bedoel het as 'n geestelike magsvertoon. Om jou eie vroomheid, jou eie bekerings, jou eie goeie werke, jou eie diens en toewyding aan mense voor te hou asof God mense se lewens sal verander en sy liefde aan hulle sal meedeel deur jou lewensverhaal en lewenservarings.

Dit is hoekom ons as gelowiges al so deurmekaar is in ons eie kerk – omdat mense grootpraat en roem en dit voorhou as die getuigenis waardeur God mense insluit en deel maak van sy liefde.

U kan dit maar toets aan alles wat ons as getuigenisse moet aanhoor in die kerk: Hulle draai alles wat getuigenis is om: hulle praat oor wat hulle vir God doen en wys God se goddelikheid vir mense. Hulle praat nie oor wat Christus doen en wys hul goeie werke nie. Mense vertel jou hoe lekker hulle sonde gedoen het en toe hoe

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

lekker hulle tot bekering gekom het; hulle sonder goddelike krag en mag hulle was en toe hoeveel goddelike krag en mag hulle gekry het toe hulle die krag en mag van die Gees van as hulle eie toegeëien het; hoe hulle eers hulle self was maar nou nie meer hulle self is nie, maar God se goddelike liefde in hulle lewe uitbeeld en meedeel aan ander mense.

En al hierdie geestelike magsdemonstrasies laat gelowiges voel en aanvaar hulle is te sleg om die Here se getuies te wees. Paul beskryf dit só: “Julle verdra dit mos as iemand julle soos slawe behandel, as iemand julle uitbuit, as iemand julle bedrieg, as iemand julle uit die hoogte behandel, as iemand julle in die gesig klap.” Bedoelende as hierdie valse predikers met hulle stories oor hulle geestelewe lewe en dade en hulle uitbeelding van God in hulle lewe, julle laat glo julle is nog nie deel van God se liefde, doen nie goeie werke nie en is nie die Here se getuies nie.

11. Moet ons Anton vanoggend laat nonsens praat wanneer hy openbare geloofsbelydenis aflê of laat getuig?

Moet hy hier van al sy sondes en bekerings, al sy ervarings met God kom praat om sy geestelike mag te wys of moes die kerkraad hom gekeur het deur hom hieroor te laat praat?

Of moet hy hierdie belydenis met woorde uit sy hart kom maak: Syne is myne en myne is syne: Hy was die gestrafte en veroordeelde onheilige en onregverdig mens in my plek, sodat ek en my liefde saam met Hom vandag as mens in die hemel, vir God reg en volkome is?

Moet hy hier 'n demonstrasie kom gee oor hoe uitsonderlik en spesiaal sy liefde vir God gaan wees, omdat hy deel van die krag, mag lewe en Naam van God gaan wees? Moet hy kom verklaar dat mense hierdie demonstrasie van sy spesiale liefde vir God in sy uitsonderlike geestelike lewe sal kan sien?

Of moet hy kom bely dat mense sal kan sien dat hy God somer net gehoorsaam, sonder enige belonings of strawwe, met God se regte wet gaan sukkel vir sy hele lewe sonder dat hy dit ooit naastenby gaan regkry en dat hy sal aanhou om met God se wet in sy hele lewe besig te wees, sonder om ooit te glo hy is skuldig, onregverdig en onheilig vir al sy oortredings.

Want wanneer dit in sy lewe gaan wys, sal dit wys hy het God as sy liefdevolle en goeie Vader deur alles wat Jesus Christus vir hom doen.

Anton moet nie nou hier kom nonsens praat of nonsens wys nie. Hy moet kom getuig deur te bely wat Jesus Christus doen en dat die Here se liefde altyd in sy goeie werke sal wys.

Christus se heilsdade laat ons God se liefde openlik bely en duidelik wys in ons lewe

Anton moet nou geen geestelike mag kom demonstreer nie. Hy moet net kom getuig oor hoe liefde, oor hoe die Here hom het en hoe die Here se liefde in sy lewe sal wys.

Met hierdie openbare belydenis neem hy sy plek in die gemeenskap van die heiliges op, ons wat ons geloof bely en wie se lewe die Here se liefde vir ons wys. Met hierdie openbare belydenis breek hy met die geestelikes wat nonsens praat en hul spesiale liefde vir God vertoon.